

Jellievisse bedreig groei van visbevolkings

» **Namibië en Suid-Afrika** die enigste Afrika-lande met viskwotas

'n Deskundige op die gebied van visserye, sê hoewel Namibië oor doeltreffende beheerstelsels vir die vang van vis beskik, belemmer die groot hoeveelhede jellievisse die groei van visbevolkings.

Ian Nortje op Swakopmund

"Jellievisse is die grootste oorsaak waarom visbevolkings langs die kus nie vinnig groei nie." Dit is die mening van 'n bekroonde visserydeskundige ná hy 'n aanbieding by die mariene konferensie op Swakopmund gelewer het.

Die derde konferensie oor die Globale Groot Mariene Ekostelsel het verlede Woensdag op Swakopmund begin. Vele deskundiges op dié gebied van oral in die wêreld het praatjies gelewer oor die bevindinge van hul navorsing en hoe die oseane se ekostelsels volhoubaar bestuur kan word.

Een van die wetenskaplikes, prof. Daniel Pauly, is 'n wêrelddeskundige op die gebied van globale visserye, en hy het 'n praatjie gelewer oor die hoeveelheid vis wat langs die kus van Wes-Afrika gevang word.

Volgens sy studie het hy bevind dat dié hoeveelheid vis tot twee keer meer kan wees as wat voorheen gedink was.

Volgens hom word meeste van die vis wat gevang word, nie aangeteken nie. Die kusgebied van Wes-Afrika word deur verskeie bevolkingsgroepe bewoon wat bestaansvissermanne is, en al dié vis word nie

aangeteken as vis wat uiteindelik gevang is nie.

'n Ander rede waarom die hoeveelheid heelwat hoër is, is omdat buitelandse vissersbote onwettig langs sekere kuslyne visvang.

Volgens hom het die visbevolkings van die Namibiese kuslyn vóór Namibië se onafhanklikheid in die sestiger- tot negentigjare verminder. Om die kwynende bevolkings weer te laat groei, moes maatreëls ingestel word sodat dit weer kan toeneem.

"Namibië en Suid-Afrika is die enigste Afrika-lande wat 'n kwotastelsel vir die vang van vis het, 'n stap in die regte rigting. Of die viskwota voldoende beperk word, sal ek nie weet nie. Maar daar sal altyd plek vir verbetering wees," sê hy.

Pauly sê die grootste probleem wat Namibië tans ondervind, is die hoë voorkoms van jellievisse langs sy kus. "Namibië het ongelooflik baie jellievisse in die see en dit beperk die groei van die visbevolkings. Die visse moet met die jellievisse meeding omdat laasgenoemde viseiers vreet."


Om die probleem op te los, kan glo 'n lang tyd neem. "Enige visbevolking kan homself herstel indien die

beheer oor die vang daarvan genoeg beperk word. 'n Visbevolking is soos 'n woud. As jy dit uitroei en afkap, sal dit weer herstel. Maar dit duur 'n tyd."

Verder sê Pauly beheer van die robbevolking gaan nie noodwendig die probleem oplos nie. "Wat 'n mens moet onthou, is dat robbe nie net die visse vang wat 'n mens wil behou nie, maar ander visse ook. Veronderstel robbe vreet Vis A en Vis B, maar Vis A vreet ook Vis B. Deur robbe te verminder, kan Vis A se bevolking groei wat indirek tot die uitroeiing van Vis B kan lei."

Volgens Pauly beskik Namibië in vergelyking met ander Afrika-lande, oor 'n doeltreffende beheerstelsel.

"Namibië het 'n viskwota en ondervind dusver nie regtig 'n probleem met buitelandse bote wat onwettig langs sy kus vang nie. Daar is ook min bestaansvissermanne wat langs die kus bly omdat die kuslyn meestal woestyn is. Die Namibiese visnywerheid is dus die enigste sektor wat 'n gevaar vir visbevolkings kan inhou. Namibië is tans nie regtig in die moeilikheid nie, solank die beheer oor die hoeveelheid vis wat gevang word, doeltreffend uitgevoer word."



Prof. Daniel Pauly, 'n wêrelddeskundige op die gebied van visserye, het 'n praatjie op Swakopmund gelewer oor die hoeveelheid vis wat langs die kus van Wes-Afrika gevang word. FOTO IAN NORTJE



O&L, Santam

Die Ohlthaver & List-groep is week vir die vierde agtereenvolgende jaar as Namibië se beste werke in die kategorie 500 en meer werke aangewys in Deloitte Namibië se Best Company to Work F

Old Mutual Namibia is in die plek geplaas terwyl Trustco Namibië die derde plek aangewys is.

In die kategorie vir ondernemings klein- en medium grootte met n

500 werknemers, is Santam Namibië die wenner aangewys, gevolg

Conn

N\$ 749

*FREE

What you get

- minutes FREE 900
- SMS FREE 300
- data FREE 1800MB
- Connection fee N\$218

*Visit website for more phone options

Offer valid until 31 October 2014. Terms & Conditions apply.

Tip of the day

The Global Fund is an international financing institution which provides resources to low- and middle-income countries in the fight against AIDS, TB and Malaria. These countries

